LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

16-10-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 35 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

Kyk asb op die kwartaalprogram vir al die belangrike datums.

1 **ENTREPRENEURSDAG**:
Die Graad 7 leerders het op Vrydag, 20 Oktober 2017 vanaf 09:00 tot 12:00, Entrepreneursdag. Ouers kan vroegoggend u kinders kom help opslaan en regmaak aan die stalletjies en ook weer afslaan na afloop van die dag. (Geen koste betrokke vir Gr 7's nie en geen kragpunte word voorsien nie). Slegs die Graad 7's trek gewone klere aan en jy mag sonder jou tas skooltoe kom.

2 **ALGEMENE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING:**

- Ons versoek ons ouers vriendelik dog dringend om asb ALMAL teenwoordig te wees op Woensdag, 25 Oktober 2017 om 18:00 in die skoolsaal, vir ons ALGEMENE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING vir 2018. Die begroting word aan die ouers voorgehou en bespreek. Die skoolgelde vir 2018 word ook vasgestel tydens dié vergadering.
- Leerders wie se ouers teenwoordig is, mag Vrydag, 27 Oktober, gewone klere aantrek.

3 **BLOEDSKENK**:
Baie dankie aan al ons ouers wat Saterdag kom bloed skenk het. Ons het 38 eenhede bloed geskenk wat 114 mense se lewens kan verander.

4 **KOOR**:

Ma	16 Okt	14:00 - 14:50	Jnr koor
Wo	18 Okt	14:00 - 15:45	Snr koor
Ma	23 Okt	14:00 - 14:50	Jnr koor
Wo	25 Okt	14:00 - 15:45	Snr koor
Don	26 Okt	Koor-afsluiting/Kultuurkonsert om 18:00	Jnr en Snr koor

KOOR-AFSLUITING/KULTUURKONSERT:
Die koorafsluiting/kultuurkonsert word hierdie jaar in 2 tydsgleuwe ingedeel, anders is ons aand baie lank. Die Junior afdeling begin vanaf 18:00 tot ± 19:00. Die kore, spreekkoor en fasewenners/Afdelingswenners van die Eisteddfods neem deel. (Briefies sal aan elke Fasewenner uitgedeel word.) Juniorkoor meld aan by Juf Helanie se klas om 17:30 en ouers wat nie bywoon nie kan hul weer daar kom afhaal. Ingangskoste beloop R20 per stoel en kaartjies sal by die deure te koop wees. Daar sal ook 'n gas-kunstenaar optree by altwee sessies. Seniorkoorlede wat deelneem meld aan om 19:00 by Juf Helanie se klas. Seniorafdeling vind plaas vanaf 19:30 -±21:00.

SENIOR KOORDRAG:
Senior koorlede se romp en toppie moet asb in 'n gemerkte klere-sak ingehandig word die week na ons optrede. Sluitingsdatum van inhandiging van koordrag (ook seuns se das asb) is Vrydag, 3 November. Koordrag wat ingehandig word sal op 'n lys afgemerk word.

5 **STUDIEMETODEKLAS:**
Word aangebied vir Graad 6 hierdie kwartaal. Daar sal slegs een sessie aangebied word op Woensdag, 1 November om 14:00 - 15:00 in klas 26. Bring saam: eksamenblok, kleurpenne en "highlighters".

6 **BEKRONINGSAAND**:
Volgens ons bekroningsbeleid kan leerders in aanmerking kom vir buite-skoolverband prestasies. Leerders wat op Nasionale vlak presteer het (m.a.w 'n rostrumplek), kan in aanmerking kom vir 'n spesiale vermelding by die bekroningsaand.
Ouers moet egter aansoek doen met die nodige bewyse, wat dan hanteer sal word deur 'n komitee saamgestel deur Dr Dirk Verwoerd, Juf Sanet en Juf Driena.
Rig u aansoek asb direk aan Juf Driena Spykerman voor 20 Oktober 2017.

7 **SPREEKKOOR**:
Belangrike spreekkoor oefening op Maandag, 13:00 - 13:30 in Juf Monica se klas. Ons tree Donderdag, 26 Oktober op by die Kultuurkonsert. Reëlings sal gegee word.

8 **SNOEPIE**:
Die snoepie sal Vrydag gesluit wees. Daar word Donderdag, pizzas verkoop teen R10.

9 **SWEM**:
Daar is swemgala, Woensdag, 18 Oktober by Colin Mann Primary School. Die gala begin 14:15.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF